**MEDIAVERKLARING**
*(vir onmiddellike vrystelling)*

*Woensdag 18 September 2024: Pretoria* – Die MOS Inisiatief reageer graag op die mediaverklaring wat as waarskuwing aan ouers van leerders by aanlyn tuisskole op 5 September 2024 deur Umalusi uitgereik is. In die mediaverklaring word ouers daarop gewys dat Umalusi nie aanlyn tuisskole akkrediteer nie en dat aanlyn skole wat nie by die Departement van Onderwys geregistreer is nie, buite die regulatoriese raamwerk funksioneer.

Die MOS Inisiatief wil dit duidelik stel dat MOS-Wêreldwyd 'n aanlyn tuisskool **ondersteuningsdiens** vir ouers wat hulle kinders tuis onderrig is, en nie 'n aanlyn tuisskool is nie. Ouers moet self hul kinders vir aanlyn tuisskoolonderrig registreer, waarna die leerder die IEB-eksamens kan aflê en 'n matrieksertifikaat verwerf. MOSww is slegs 'n ondersteuningsdiens vir tuisskoolouers en tree nie as 'n skool op nie.

Geen van die waarskuwings wat in die verklaring uiteengesit word, is dus op ouers en leerders wat by MOS-Wêreld ingeskryf is van toepassing nie.

MOS-Wêreldwyd-ouers is dus veilig as hulle vir tuisskoolonderrig geregistreer is.

**Die einde.**

---

**Meer oor Die MOS Inisiatief**

Die MOS Inisiatief is 'n privaat maatskappy wat deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) gestig is met die doel om 'n Afrikaanse skole netwerk daar te stel om uitmuntende onderrig in Afrikaans te verseker en uit te bou.

Die doelwit van die organisasie is om in Afrikaans 'n innoverende, inklusiewe, toeganklike, volhoubare en toekomsgerigte leerstelsel te bou, waar kinders so verlief raak op leer dat hulle lewenslange leerders sal wees en verby die vierde nywerheidsrewolusie sal floreer.

**Kontakbesonderhede**:
Roedolf van der Westhuizen
Uitvoerende Hoof
roedolf@diemos.co.za
+27 12 880-293